NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 18 – Uitgawe 38

2 Oktober 2025

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Die 74ste AKV: WAT en HOE?

**WAT gaan 461 ampsdraers vir vyf dae lank in Pretoria doen? HOE gaan daardie ampsdraers tydens die vergadering gesprek voer en besluite neem sodat die Kerk en gemeentes se werk sinvol en effektief gedoen kan word?**

Die Algemene Kerkvergadering (AKV) is 'n bykomende vergadering van die ampte gevorm deur ampsdraers wat deur kerkraadsvergaderings afgevaardig is as verteenwoordigers van hul ampte, en die AKV verteenwoordig die Kerk. Elke drie jaar kom die Kerk in hierdie vergadering byeen, en gedurende Oktober 2025 vir die 74ste keer in die 200 jaar dat die NHKA in Suid-Afrika bestaan. Tydige kennis is gegee, die agenda is versprei, en Maandag 6 Oktober word die vergadering geopen met 'n erediens. Al die reëlings en voorskrifte in verband met die vergadering word in Ordinansies 4.4.1 tot 4.4.4 van die Kerkorde uitgestippel. Vir predikante en die meeste van die afgevaardigdes is dit duidelik wat die vergadering behels. Die verloop van die vergadering word deur 'n deeglik voorbereide agenda gerig. Sake word van verskillende kante bekyk en bespreek om hopelik tot die beste besluit te kom vir die werk van die Kerk en gemeentes.

Dit is vir seker waar dat die agendapunte verskillend verstaan en geïnterpreteer kan word by die eerste lees daarvan. Deeglike voorbereiding is noodsaaklik sodat indringende gesprek, wat verskillende standpunte kan uitlig, gevoer kan word tydens die vergadering. Die ideaal is dat afgevaardigdes sonder stemming tot 'n vergelyk kan kom. Sommige sake lei wel daartoe dat per stemming tot 'n besluit gekom moet word. Ook hierdie proses is nie vreemd aan kerklike vergaderings nie en eweso gebeur dit ook tydens die AKV. Die **WAT** van die AKV is duidelik: Afgevaardigdes het die verantwoordelikheid om voorbereid by die vergadering aan te kom en die vergadering getrou by te woon.

Die groter uitdaging wat selfs die integriteit van die vergadering kan bepaal, is **HOE** afgevaardigdes aan die gesprek gaan deelneem as verteenwoordigers van hul ampte en die Kerk. Dit begin reeds by die voorbereiding met die doelgerigte deurwerk van die agenda. Die ingesteldheid van afgevaardigdes in die debatte wat tydens die vergadering gevoer word en besluite wat geneem word, moet telkens die saak van die koninkryk van God en die wel-wees van die Kerk dien. Ordereël 4.1 skryf:
*Vergaderings neem besluite op grond van die Bybel*
*(i) in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk en die Kerkorde*
*(ii) met inagneming van die gebruike van die Kerk.*

Hierdie vertrekpunt verwag van elke afgevaardigde om só deel te neem aan die gesprek en besluitnemingsproses dat van die vergadering gesê kan word wat in Handelinge 15: 28 staan: *Die Heilige Gees en ons het besluit…* Die vergadering het nie ten doel om afgevaardigdes se wil en wens te laat waar word nie. In afhanklike verootmoediging buig die gelowige voor die Woord van die lewende God. U en my bede word dat die wil van God geskied.

Elke afgevaardigde na die AKV sal hom- en haarself moet meet aan die oproep van Filippense 2: 5: *Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was.* Hierdie oproep kom nadat Paulus en Timoteus gepraat het oor 'n lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Jesus Christus, oor eensgesindheid en standvastigheid in die saamstry vir die evangelie en vir die voorreg om Christus te dien.

Mag die Heer en Hoof van die kerk elke afgevaardigde seën met wysheid en insig sodat ingeligte debat gevoer word en deurdagte besluite geneem sal word. Mag ons dit waardig wees om medewerkers te wees in die koninkryk van God.

**Ds Leon Geel (sr), Grimbeekpark**

**Let wel: Geen *Blitspos* tydens AKV-week**
Gedurende die week van die Algemene Kerkvergadering (AKV) sal daar nie 'n *Blitspos* verskyn nie. Ons wil egter steeds ons gemeentelede en belangstellendes op die hoogte hou van wat tydens die vergadering gebeur. Ons joernalis sal daagliks foto's, kort videogrepe en teks op ons sosialemediakanale deel. Volg ons gerus op Facebook en Instagram, of besoek die NHKA-webblad waar alle AKV-inligting verskyn – ideaal vir diegene wat nie toegang het tot sosiale media nie.
**Webblad**: **https://nhka.org/amptelik/algemene-kerkvergadering-akv/**
**Facebook**: **https://www.facebook.com/Hervormde.Kerk/**
**Instagram**: **https://www.instagram.com/_nhka_/**

## Lief en leed



Oom Gert Fourie

- Met groot hartseer neem **Gemeente Bellville** afskeid van **Gert Fourie**, wat op **25 September** oorlede is. Oom Gert was 'n toegewyde saakgelastigde wat vir meer as 30 jaar by die Bellville-gemeente gedien het. Ons bid dat sy geliefdes, tannie Hannelie en hul kinders en kleinkinders, troos by God sal vind. Die gedenkdiens het plaasgevind op **Woensdag 1 Oktober om 14:30** by **Gemeente Bellville**. Dit is ook op die gemeente se YouTube-kanaal gestroom by **https://youtube.com/live/kKgMlmVl51s?feature=share**.

- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**

  - Saterdag 4 Oktober: Di AC (Anel) Boshoff (Goudveld/Kroonstad/Odendaalsrus) en SA (Schalk) Kok (Potchefstroom-Noord)
  - Sondag 5 Oktober: Ds L (Leon) Janse van Rensburg (Namibkus)
  - Maandag 6 Oktober: Di E (Etienne) Verhage (emeritus) en PF (Frikkie) Viljoen (emeritus)
  - Dinsdag 7 Oktober: Dr PJ (Paul) de Beer (emeritus), di L (Louizé) de Beer (Ottosdal/Sannieshof) en S (Steve) Oxton (Wapadrant)
  - Woensdag 8 Oktober: Prof JD (John) Gericke (emeritus/Setlaars)
  - Donderdag 9 Oktober: Prof WA (Wim) Dreyer (emeritus/Outeniqua)

## Gemeentes en bediening




Ds Stephan en Retha Botha en di Hein en Anna-Marie Kloppers



Prop Elizabeth Rossouw

- **Gemeentes Jac van Belkum** en **Rustenburg-Suid** se amptelike samesmelting het plaasgevind op **14 September 2025**. **Ds Anna-Marie Kloppers** is ook tydens die geleentheid in 'n deeltydse bedieningsruimte bevestig.

- **Prop E (Elizabeth) Rossouw** (beroepafwagtend) het 'n beroep na Stellenbosch (deeltydse werkruimte) ontvang.

- **Ringe** word aangemoedig om vóór die AKV 'n spesiale geleentheid (desnoods by wyse van videokonferensie) vir **predikante en afgevaardigdes** te reël sodat hulle die **agenda van die AKV kan bespreek**.

- Die Kommissie stem in dat die primuslede van die Kommissie van die ADV as 'n **Komitee vir Diakonaat** bly funksioneer totdat die nuutverkose Kommissie van die AKV die Komitee vir Diakonaat saamstel ooreenkomstig die besluite van die AKV.

- **Gemeente Kaapstad** nooi almal hartlik uit na hul **Knuppeldik Kosfees**. Die fees begin **Vrydag 3 Oktober om 10:00** met Krap en Koop, waar knuppeldik worsbroodjies te koop sal wees. **Saterdag 4 Oktober vanaf 09:00** volg die Knuppeldik Kosfees dan, met onder andere Hollandse krokette, boepensbroodjies, pannekoek, basaarpoedings en 'n teetuin met vars gebak. Kom kuier saam en geniet heerlike kos en geselskap. Vir navrae, kontak **Johann Smith by 076 326 1322** of **De-Mara Bezuidenhout by 083 263 7596**.

- **Gemeente Wonderboom nooi jou uit na hul Boere-ontbyt op 25 Oktober, waar daar ook 'n opwindende lootjietrekking sal wees met drie groot pryse:**
  - 'n Wegbreek by Erasmus Lodge (R4 200)
  - 'n Wegbreek by Weesgerus-vakansieoord (R3 600)
  - 'n Handgemaakte mes (R3 000)

  **Jy hoef nie teenwoordig te wees om te wen nie, maar is welkom om saam te kom ontbyt eet! Koop 'n lootjie vir slegs R100 en kies jou 1ste, 2de en 3de prysvoorkeur. Beskikbaar hier: https://tinyurl.com/msh3ahts. Navrae:** Ds Lilian Erasmus 083 255 2082.

- **Gholfdag in Tzaneen – moet dit nie misloop nie!** Gemeente Tzaneen nooi jou uit na hul opwindende Gholfdag op **7 November 2025** by die **Tzaneen Country Club**. Afslaan is om **11:00** en groot pryse is op die spel, insluitend 'n splinternuwe New Holland TT75-trekker met 'n putjie-kolhou! Die inskrywingsfooi van **R2 500 per 4-bal** sluit 'n ete in, en daar is ook 'n loslootjietrekking. 'n Borg per putjie kos **R5 000** en sluit 'n 4-bal in. Die formaat is *2 Ball Scramble Drive*. Betaal by **Absa**, rekeningnommer 1260 570 230, takkode 632005, met verwysing: **Naam/Gholfdag**. Vir meer inligting, kontak **Carl by 083 706 9588** of **Morne by 064 752 9483**. Kom ondersteun die Hervormde Kerk in Tzaneen en geniet 'n dag vol pret en pryse!




## Werkgeleenthede

- **Gemeente Swartkop** in Centurion, 'n gemeente met meer as een werkruimte, wag aansoeke in vir 'n leraar om vanaf **1 Januarie 2026** deel te word van hul geloofsfamilie. Die ideale kandidaat moet oor die volgende beskik:

  - Minimum 15 jaar of 'n maksimum van 20 jaar bedieningsondervinding in 'n medium tot groot gemeente.
  - Die vermoë om as deel van 'n span te funksioneer.
  - Uitstekende leierskaps-, kommunikasie- en organisasievaardighede.
  - Kreatiwiteit, inisiatief en 'n spontane persoonlikheid.
  - Vaardighede in die gebruik van inligtingstegnologie, sosiale media en aanbiedings (soos PowerPoint).

  Die volledige posbeskrywing is op aanvraag beskikbaar.

  Die kerkraad behou die reg voor om die kortlys vir onderhoude ná die sluitingsdatum te verklein of te vergroot. Aansoeke sal vertroulik hanteer word.

  Stuur u volledige CV en persoonlike profiel aan die skriba, **diak Salomé Fourie**, by **nhswartkop@telkomsa.net** teen **3 Oktober 2025**. Diensaanvaarding is op **1 Januarie 2026**.

- **Gemeente Namibkus** (wat Hentiesbaai, Swakopmund en Walvisbaai bedien) nooi 'n predikant of proponent van die Kerk om van **30 November 2025 tot 11 Januarie 2026** in die

gemeente te preek en krisisgevalle te hanteer terwyl hul predikant met langverlof is. **Gratis verblyf** word verskaf vir die besoekende predikant en gesin in ’n ruim drievertrekwoonstel, en die gemeente sal ’n **reiskostebydrae** gee vir die reis na en van Namibië. Kontak **ds Leon Janse van Rensburg** so spoedig moontlik vir meer inligting by **+264 81 128 5169 of** **leonjvr@iway.na**.

- **Gemeente Dolfynkus** (38 belydende lidmate, twee dooplidmate) bied ’n **deelsorg-bedieningsruimte** aan vir ’n gelegitimeerde predikant van die NHKA. Die gemeente is 98 jaar oud en hou eredienste in Westbrooke. Geen pastorie is beskikbaar nie. Die posisie is ideaal vir ’n roepingsgedrewe persoon met ’n lewende verhouding met Christus, ’n liefde vir mense, en ’n verbintenis tot Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid. Verantwoordelikhede sluit in eredienste, pastorale sorg, besoeke, deelname aan gemeenteaktiwiteite en strategiese beplanning. Eie vervoer is ’n vereiste. **Vergoedingspakket: R408 000 per jaar**, plus **behuisingstoelaag van R18 000 per maand** (onderhandelbaar). **Aansoeke sluit op 10 Oktober 2025**. Stuur CV (met VBO-krediete), geloofsgetuienis en verwysings aan **dr Hannes Janse van Rensburg** by **hannessgb@nhk.co.za**. ’n Vraelys sal ná ontvangs gestuur word. Aansoekers moet beskikbaar wees vir ’n virtuele of fisiese onderhoud in **Ballito**. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad behou die reg om nie ’n beroep uit te bring nie.

## Vergaderings

- Maandag 6 tot Vrydag 10 Oktober: 74ste AKV
- Saterdag 8 November: NHSV Dagbestuur
- Donderdag 13 November: Kommissie van die AKV
- Vrydag 14 November: Kommissie van die AKV

## Kerklike en ander publikasies




- **Die Boekwinkel** sal van **6 tot 10 Oktober vanaf die AKV** bedryf word. Daar sal dus gedurende dié tyd nie pakkies versend kan word nie. Gemeentes wat boeke wil bestel, moet hul bestellings so gou moontlik plaas – **bestellings** kan na die AKV geneem word indien dit betyds gereël is.

## Kom kyk saam

- **Prop Elizabeth Rossouw** en lidmate van **Gemeente Stellenbosch** stel hul studentevereniging (HSV) bekend, met die fokus op die komende aanvangskamp van 2026. Hulle nooi alle studente uit om deel te vorm van ’n jong volwasse gemeenskap waar jy saam met ander gelowiges geestelik kan groei.



As jy 'n student in die omgewing van Stellenbosch is, word jy uitgenooi om hierdie geleentheid met albei hande aan te gryp! Bespreek vandag jou plek vir die aanvangskamp wat plaasvind van 25 tot 27 Januarie 2026! Vir enige navrae rakende die HSV of die aanvangskamp, kontak **prop Elizabeth Rossouw** by **064 81 833 7022**.

## 'n Gedig

**Reënvrou**

Die wind vleg jou hare
en waai jou oë skoon.

Jou geur vee oor die grond,
jy glip en gly oor klippe,
oor berge sleep jou rok se some,
jy hoor die aarde se hart sing,
wals op jou tone deur die bome,
kielie klanke uit die voëls se kele.

Jy keer jou kruike op die aarde om
en stryk die grond se plooie glad,
maak die ploegvore blinknat
vir gewasse om welig op te kom.
Jy rol spriete soos groen tapyte oop
en visse glinster waar riviere loop.

Hoe lieflik is jou voete
wat op die bergspitse dans.

**Cas Vos**
(Uit: *Enkeldiep*, 2003)

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet.
  - 25 Oktober: Kempton Park-Oos<br>Randburg

- **Gemeente Randburg: Swaeltjiefees.** Randburg se Hervormers hou basaar op **25 Oktober** vanaf 09:30. Kom kuier saam in die teetuin. Les jou dors by die dorstuin. Vir die hongerpyne is daar lekker pannekoek, boepensbroodjies, boereworsrolle, kerrie-en-rys en tuisgemaakte lekkers. Vat sommer daarvan saam huis toe vir die aand of die volgende dag.
  **Vermaak:**
  - Kunstenaars **Gert Koevert** en **Jaco Strydom**
  - Baie speletjies met pryse vir die kinders
  - Verfbal

  **Buite-uitstallers en witolifanttafel**
  **Veilige parkering**

- Dit is amper weer tyd **vir Gemeente Makarios** se **jaarlikse Gholfdag** op **6 November** by **Kempton Park se gholfbaan**. Koste: R2 000 vir 'n vierbal of R500 per speler. **Borgskappe per gat** is beskikbaar teen R500 per gat. **Vir meer besonderhede of om te RSVP** kan die volgende persone gekontak word:
  - Carina Cronje 079 515 8596
  - Riaan Mong 082 337 3146
  - Ds Frikkie Viljoen 082 906 7774

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van ’n heerlike harepamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir ses persone ter waarde van R16 000.

  Daar is twee maniere om deel te neem:
  - Koop direk by Susan la Grange.
  - Jy kan ook via WhatsApp jou kaartjie by 072 636 8001 (Susan) bestel. Jy sal ’n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjienommer as verwysing.

  Bankbesonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, rekeningnommer 033358346, takkode 052752.

  Die trekking vind op **30 November** plaas!




## Toerusting

- **Help ons om die Kerk se stem sterker te laat klink!** Is jy passievol daaroor om die sigbaarheid van die NHKA in die samelewing te versterk? Ons nooi jou uit om deel te wees van ’n opwindende geleentheid om die Kerk se digitale teenwoordigheid te help vorm.

  Ná waardevolle terugvoer van Hervormde teologiestudente oor ons sosialemediaplatforms (Facebook, YouTube, Instagram en LinkedIn), het ons reeds betekenisvolle verbeterings begin aanbring. Nou wil ons graag ook predikante betrek om hul unieke perspektiewe te deel. Geen voorbereiding is nodig nie – net jou tyd en insig tydens ’n informele aanlyn gesprek. Jou deelname sal ons help om die Kerk se boodskap meer relevant en toeganklik te maak vir almal.

  **Datum van aanlyn gesprek:** 6 November 2025.
  **Hoe om deel te neem:** Stuur jou volle naam en van, ouderdom, woonbuurt en gemeentenaam aan **ds Iwana Kruger** by **079 848 4865** of per e-pos na **goeienuus@nhk.co.za**.

  Verdere besonderhede sal in die komende maand gedeel word. Ons sien uit daarna om saam met jou te werk aan ’n sterker digitale teenwoordigheid vir die NHKA!

- Ons vier saam 1 700 jaar van die **Niceense Geloofsbelydenis** – ’n pilaar van ons geloof wat gelowiges oor eeue en wêrelddele verbind. Hierdie **video** (**https://youtu.be/nFbPvbz6g_4**) is ’n spesiale bekendstelling en viering van dié kosbare belydenis wat ons in een stem saamvoeg as kerk van Christus. Ons nooi jou hartlik uit om saam te kyk, saam te luister en saam te bely – in dankbaarheid teenoor God wat sy kerk deur al die eeue bewaar het. Kom vier saam met ons. Deel dit met ander sodat meer mense hierdie besondere oomblik kan beleef.

- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis

van 1 700 jaar gelede. Die HTK het ’n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om Nicea op hul eie manier te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is ’n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde advertensie in *Blitspos* dop om op die hoogte te bly.




## Studentesake

- **NHSV Studieleningsfonds 2026**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm vir 2026 kan *hier* afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2026.**




## Barmhartigheid

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in ’n rustige omgewing naby ’n winkelsentrum en kliniek.
    - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
    - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
    - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

  Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel suster **Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000

Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **taal@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week



God van Liefde,
U is met ons in elke oorgang en verandering.
Terwyl ons nou hierdie nuwe era betree,
opgewonde en tog ook angstig,
dink ons opnuut aan u oneindige deernis,
u teenwoordigheid,
en u onmeetlike liefde.
Ons dank U vir die gawes, talente en vaardighede
waarmee U ons geseën het.
Ons dank U vir die ervarings wat ons tot hier gebring het.
Ons dank U vir die insette van ander
wat aan ons werk diepte en betekenis gee.
Wees met ons terwyl ons vorentoe gaan.
Laat ons mekaar ondersteun,
en laat ons ons verheug in U, ons Skepper.
Ons vra dit in u Heilige Naam.
Amen.

**Joseph P Shadle**
*womansday.com*

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerders: Mej Sanet du Plessis en mev Francis Nel
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger